

# Gasvryheidstudies

Gasvryheidstudies is 'n opwindende studierigting en is een van die weinige rigtings waar 'n leerder vanuit die skool in 'n beroep kan instap.

PNHS se leerders is baie gewild by tersiêre opleidingsinstansies as gevolg van hulle goeie basiese opleiding. Leerders word vakkundig toegerus met teoretiese kennis en praktiese vaardighede wat hulle in staat stel om suksesvol in die gasvryheidsbedryf te wees.

## Gasvryheidstudies stel leerders in staat om die volgende beroepe te beoefen:

- Sjef
- Chocolatier
- Spysenier
- Blogger
- Voedselfotograaf
- Wyndeskundige (Sommelier)
- Voedselstilis
- Produk- en/of resepkooördineerder
- Privaat Sjef (Skepe, treine)
- Wegneemetes- en/of kettingrestaurantbestuurders
- Algemene Bestuurder
- Kombuisbestuurder
- Kookinstrukteur
- Kulinêredosent/ -onderwyser (bied opleiding)
- Gesondheidsinspekteur
- Voedselveiligheidspecialis



- Vleisslagter
- Voedsel- en/of restaurantresensent
- Voedselskrywer / -joernalis
- Voedselwetenskaplike
- Dieetkundige

## **Spesiale Vereistes**

Daar is geen spesiale vereistes nie, maar enige leerder met 'n passie en liefde vir kulinêre kookkuns sal aanklank by die vak vind.

Uniforms (sjefbaadjie, voorskoot en sjefhoed) word in gr.10 deur die leerders aangekoop word tot gr.12 vir alle praktiese doeleindes gebruik.

Kelnerdrag (swart skoollangbroek, wit langmouhemp, skoolskoene en 'n strikdas)

Klasgetalle word beperk sodat leerders praktiese opdragte funksioneel kan uitvoer.



## **Vakaktiwiteite**

Daar is 'n verpligte praktiese periode wat weekliks geskied waar die leerders alreeds voor skool mag begin en na skool mag aangaan.

Tydens die praktiese klasse oefen die leerders praktiese vaardighede wat dan tydens hul praktiese eksamen getoets word.

'n Sjef van die week word gekies om die leerders te motiveer om hul beste te lewer tydens praktiese klasse.

Leerders ontvang ook 'n resepteboek wat hul gebruik vir praktiese klasse en mag hou.

## **Hoogtepunte**

- Ons reël graag demonstrasies tydens prakties klasse met plaaslike hotelskole om leerders se fundamentele kennis oor die vak te verbreed.
- Anchor Yeast besoek die gr 10-leerders jaarliks om hul te leer brood bak.
- Daar is kwartaalliks restaurantsaande vir elke graad.
- Hierdie is maar 'n paar hoogtepunte om na uit te sien in Gasvryheidstudies.

**“DREAMS ARE IMPORTANT. WITHOUT THEM YOU NEVER ACHIEVE ANYTHING.” *Marco Pierre White (Wêreldbekende sjef)***